PUBLIEKE DEELNAME VIR DIE 2011-2016 GOP PROSES: KENNISGEWING VAN WYKSVERGADERINGS

Kaap Agulhas Munisipaliteit is besig om 'n 3de Generasie Geintegreerde Ontwikkelingsplan (GOP) op te stel en het reeds begin om die prosedure plan met die onderskeie wykskomitees te konsulteer. Hoofstuk 4 van die Wet op Plaaslike Regering: Munisipale Stelsels (Wet no 32 van 2000) plaas 'n spesifieke verpligting op munisipaliteite om plaaslike gemeenskappe te betrek met sodanige beplanningsproses ten einde deelnemende demokrasie te bevorder. Die GOP is die strategiese beplannings instrument van die munisipaliteit en vorm ook die basis van die munisipale begroting. Dit is daarom noodsaaklik dat plaaslike gemeenskappe aktief deelneem aan die GOP proses om te verseker dat die prioriteitskwessies van gemeenskappe op 'n geintegreerde wyse aangespreek word.

Terugvoeringsvergaderings is reeds gedurende September 2011 met al die wykskomitees in Kaap Agulhas gehou en die volgende fase is om insette vanaf plaaslike gemeenskappe te kry oor prioriteitskwessies en projekvoorstelle in hul onderskeie gemeenskappe. Rolspelers en belanghebbendes in die volgende sektore word uitgenooi om die wyksvergaderings by te woon. Deelname is egter nie beperk tot sodanige sektore nie en is enige lid van die publiek welkom om die vergaderings by te woon:

* Landbou
* Besigheid
* Gesondheid
* Sport
* Kuns & Kultuur
* Gemeenskapsorganisasies
* Jeuggroepe
* Mense met gestremdhede
* Toerisme
* Gemeenskapsveiligheid
* Onderwys
* Godsdiens
* Inwonersverenigings
* Nie-regeringsorganisasies
* Vrouebemagtigingsgroepe
* Omgewingsbewaring

Die onderstaande skedule gee 'n aanduiding van wyksvergaderings wat gehou gaan word in die onderskeie wyke van Kaap Agulhas Munisipaliteit. Die doel van sodanige vergaderings is om gemeenskappe 'n geleentheid te bied om hul prioroteitskwessies en projekte te identifiseer sodat dit ingesluit kan word in die 3de Generasie GOP van Kaap Agulhas Munisipaliteit

WYK	DATUM	TYD	PLEK	WYKSRAADSLID
Wyk 1	Dinsdag 01 November 2011	19:00	Napier Gemeenskapsaal	Rdl Warnick October
	Woensdag 02 November 2011	19:00	Elim Gemeenskapsaal	Rdl Warnick October *** Vervoer sal beskikbaar gestel word vir die Blomkloof- en die Springs Roete**
Wyk 2	Donderdag 20 Oktober 2011	19:00	Liefdesnessie, Bredasdorp	Rdl Dirk Jantjies
	Maandag	19:00	Klipdale	Rdl Dirk Jantjies

WYK	DATUM	TYD	PLEK	WYKSRAADSLID
	31 Oktober 2011		Gemeenskapsaal	
Wyk 3	Maandag 24 Oktober 2011	19:00	Nelson Mandela Gemeenskapsaal, Bredasdorp	Rdl Richard Mitchell
Wyk 4	Dinsdag 25 Oktober 2011	19:00	Glaskasteel Sportkompleks, Bredasdorp	Rdl Johan Nieuwoudt *** Vervoer sal beskikbaar gestel word vir die Protem roete.**
Wyk 5	Woensdag 26 Oktober 2011	19:00	Arniston Gemeenskapsaal	Rdl Derick Burger *** Vervoer sal beskikbaar gestel word vir die Nachtwacht roete**
	Donderdag 27 Oktober 2011	19:00	Struisbaai Gemeenskapsaal	Rdl Derick Burger *** Vervoer sal beskikbaar gestel word vir die Haasvlakte roete**

Vir enige verdere navrae aangaande logistieke reëlings kontak asb Me Lindy Claassen (028 425 5500/ lindyc@capeagulhas.com of die betrokke wyksraadslid.

Die uwe

Reynold Stevens
Munisipale Bestuurder

KAAP AGULHAS MUNISIPALITEIT
CAPE AGULHAS MUNICIPALITY
U MASIPALA WASECAPE AGULHAS